# GEMEENTEBULLETIN

7 JUNIE 2020

STELLENBERG GEMEENTE

## SONDAG 7 JUNIE | WWW.STELLENBERG.CO.ZA

**Oggend-en-gesinsdiens**

Romeine 8:12-17 | Kinders van God | Ds. René Potgieter

**Meditatiewe diens**

Handelinge 2:1-8 | Vuur en wind bring verandering en heling | Ds. Philipp Dietmann

**Jeugpinkster**

Haggai 1:1-10 | *Open to be Kingdom minded* | Ds. Hanno Ackerman

**KYK** vanaf sesuur Sondagoggend, of enige tyd daarna, na die opnames.

**LUISTER** na die klankbaan van die eredienste op die webwerf.

**LEES** die geskrewe preek op die webwerf.

## HERVATTING VAN EREDIENSTE EN BYEENKOMSTE

Die kerkraad het die afgelope week oor die hervatting van eredienste en byeenkomste op die kerkperseel besin. In beginsel is ons gretig om konstruktief te werk aan die ideaal om in die toekoms weer met dienste te begin. Die volgende sal wel in ag geneem word:

- Alle geleenthede moet binne die voorgeskrewe regulasies van die vlak van inperking, soos deur die regering bepaal, geskied.
- Lidmate wat die dienste bywoon, moet deeglik ingelig word wat hulle rakende die inrigting van die diens kan verwag en watter veiligheidsmaatreëls sal geld.
- Lidmate sal binne hierdie maatreëls dienste op hulle eie risiko bywoon. Aanlyn dienste sal steeds as alternatief aangebied word.
- Ons sal 'n sisteem van eredienste, wat maklik in die lig van verskuiwende beperkings kan aanpas, ontwikkel.

Vervolg op bladsy 2 . . .

### GEDAGTES VIR ELKE DAG VAN INPERKING

'n Geestelike dagstuk word daagliks op www.stellenberg.co.za onder "Gedagtes vir elke dag" geplaas, of lees dit elke dag op die gemeente se Facebookblad.

### HET JY 'N PREEK MISGELOOP?

Kliek op die eredienste-blokkie op die webwerf en dan op die YouTube-skakel om die argief van al die opnames van preke te bereik.

Vervolg vanaf bladsy 1

- Geleenthede soos eredienste, begrafnisse, huwelike en byeenkomste wat op die kerkperseel plaasvind, sal afsonderlik en op meriete hanteer word.
- Eredienste sal voortdurend geëvalueer en dienooreenkomstig aangepas word.
- Doop- en Nagmaalgeleenthede sal nie plaasvind nie.
- Volgens ons voorlopige beplanning sal daar vanaf 5 Julie 2020 twee eredienste om 09:00 en 17:00 in die kerk aangebied word. Die 09:00-diens sal regstreeks gebeeldsend word ("stream"). Die jeug- en meditatiewe diens sal steeds gedurende die week opgeneem word en aanlyn beskikbaar wees.
- Begrafnisse en troues sal met vooraf reëlings gehou word.
- Indien kleingroepe bymekaar wil kom, sal elke aansoek individueel oorweeg word en Covid-19-protokol sal te alle tye geld.
- Indien infeksiesyfers drasties verhoog, sal genoemde besluite heroorweeg word.

Rig asb. navrae aan enige van die gemeente se leraars.

## KATEGESE TYDENS VLAK 3

Ons maak steeds tydens vlak 3 van inperking op ouers se steun staat om voort te gaan met die kategese-aanbieding. Daar is drie eenvoudige stappe. Besluit saam wat die beste vir jou gesin sal werk.

1. Kyk saam na die kindermoment tydens die oggenddiens.
2. Laai die geskrewe lesmateriaal van www.stellenberg.co.za af deur op die Annibrand Junior-blokkie te druk en behandel dit met jou kind.

OF

3. Kyk na die video-aanbieding wat ds. Hanno Ackerman elke week op die webwerf laai. Die video-opname behandel ook die weeklikse kategeseles en jou kind sal die lesmateriaal dan alleen kan deurwerk. Die video's is op die www.stellenberg.co.za op die Annibrand Junior-bladsy beskikbaar.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar vir noodgevalle by

082 854 4530.

### EK HET HULP NODIG

Indien jy tydens selfisolasie, of die landswye inperking, enige vorm van fisiese hulp benodig, kontak asseblief een van die leraars. Vrywilligers is beskikbaar wat lidmate met die aankoop en aflaai van kruideniersware of medikasie sal ondersteun.

## PROJEK SAMARITAAN

Die kerkraad het in die lig van die Covid-19-pandemie aan 'n taakgroep opdrag gegee om 'n strategie vir noodverligting en ekonomiese herlewing te formuleer. Vier fokusareas is geïdentifiseer: voedselvoorsiening en -sekerheid, ekonomiese bemagtiging, onderwys en familiebehoeftes.

### 'n Hulplyn:

As jy fisiese, of emosionele nood as gevolg van die Covid-19-inperking, of ander omstandighede ervaar, stuur 'n e-pos na hulp@stellenberg.co.za. Versoeke sal vertroulik hanteer word.

### Voedselhulp:

Die voedselnood raak al hoe groter en die gemeente werk nou saam met verskeie nieregeringsorganisasies rakende die insameling en verspreiding van voedsel en om gesinne/persone te bedien wat nie deur groter hulpverleningsnetwerke bereik word nie.

Indien jy tot die uitgebreide voedselbediening wil bydra, kan jy 'n elektroniese oorbetaling na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, maak. Gebruik *hande en rande* as verwysing.

### Help asseblief DRINGEND met die volgende:

- Ons benodig dringend **vrieskaste om bevrore sop in te stoor.** Indien jy vir ons een kan leen, kontak asseblief vir Anéne Nortier by 083 581 6930.
- Ons het helpers nodig wat ons kan help met die **kook van sop.** Jy kan die sop by jou eie huis kook. Indien jy kan help, kontak vir Anéne Nortier by 083 581 6930.
- Ons wil graag 'n netwerk van voedselverskaffers opbou. Indien jy kontak het met 'n verskaffer by wie produkte teen bedingbare pryse, of met afslag bekom kan word, kontak asb. vir Anene Nortier by 083 581 6930.

Vervolg op bladsy 4 . . .

**PROJEK SAMARITAAN HULPLYN**

hulp@stellenberg.co.za

**BYBELSTORIES VIR KLEUTERS**

Daar word weekliks 'n nuwe Bybelstorie vir kleuters in video-formaat op die webwerf gelaai. Besoek die Annibrand Junior-bladsy om die stories te kyk.

**GEBEDSVERSOEKE**

Stuur jou gebedsversoeke (anoniem indien jy dit verkies) na navrae@stellenberg.co.za.

## PROJEK SAMARITAAN

. . . vervolg vanaf bladsy 3

### Entrepreneurskap

Is jy 'n entrepreneur, of eienaar van 'n klein besigheid wat die inperking oorleef het, of moes jy jou besigheid weens finansiële druk sluit? Besoek www.stellenberg.co.za vir volledige inligting rakende ons ondersteuningsdienste aan entrepreneurs en kleinsake-eienaars.

- **Advertensieblad**

In die lig van die landwye inperking kan advertensies van plaaslike sakeondernemings of informele besighede tot einde Julie gratis in die gemeente se advertensieblad, genaamd Samaritaan, geplaas word. Ons vertrou dat die gebaar plaaslike en informele besigheidseienaars sal ondersteun. Stuur jou advertensie voor Vrydag 26 Junie aan Faan Blom by faanblom@yahoo.com. Die Samaritaan verskyn weer op Vrydag 3 Julie. Vorige maande se Samaritaans is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

### Familienetwerk vir ouers en kinders:

Dit het onder ons aandag gekom dat ouers wat werk (dikwels deesdae vanaf hulle eie huise) hulp/ondersteuning benodig om hul kinders te versorg, of met die voltooiing van skoolwerk by te staan.

- Het jy 'n behoefte aan 'n kinderversorger, of leerondersteuning vir jou kind, terwyl jy werk? Kontak dan vir Lindy van Wyk de Vries by lindy@stellenberg.co.za.
- Kan jy teen vergoeding kinders met leerondersteuning bystaan, of behulpsaam wees met die algemene versorging van kinders? Besoek ons webwerf (www.stellenberg.co.za/familienetwerk) vir volledige besonderhede oor hoe jy jou dienste op die netwerk kan registreer.


**LERAARS**

Ds. Hanno Ackerman
079 543 5261
hanno@stellenberg.co.za

Ds. Marius Breytenbach
082 376 6053
marius@stellenberg.co.za

Ds. Philipp Dietmann
084 354 0729
pdietmann@gmail.com

Ds. Why Duvenhage
082 570 5931
why@stellenberg.co.za

Ds. René Potgieter
079 893 8104
rene@stellenberg. co.za

Ds. Callie Visagie
072 385 4368
ctvisagie@
stellenberg.co.za

**Stellenberg Ondersteuningsentrum (SOS)**

Rudolph van Schoor
Sentrumbestuurder
082 854 4530
rudolph@stellenberg.co.za

## FINANSIËLE BYDRAES

Hartlik dankie aan elkeen wat gedurende hierdie moeilike tyd die gemeente in staat stel om finansieel te oorleef. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### Debietorder

Laai die aansoekvorm van die webwerf af.

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening

145 058 0011, takkode 632005.

### SnapScan

### Kontantbydraes – plaas in die posbus

Diegene wat verkies om hulle bydraes kontant te gee, kan steeds kontantbydraes by die kerkkantoor afgee. Daar is 'n beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor. Plaas jou bydrae daarin. Die posbus word daagliks leeggemaak.

## BANKKOLLEKTES EN DANKOFFERS

**Bankkollektes:** Ons behou die gebruik aangesien dit deel van die aanvanklike begroting was. Die Pinksterweek se bydrae bring mee dat die inkomste tot R56 339 gestyg het teenoor die totaal van R42 300 wat in Aprilmaand ontvang is. Pinksterbydraes sal na die getuienis- en ander noodprojekte gekanaliseer word.

**Maandelikse dankoffers**: Die afgelope maand was die inkomste uit dankoffers R49 096 bo begroting met 'n totale inkomste van R505 914. Die aangepaste begroting is met 66% verminder. In die aangepaste begroting word personeel 80% van hul vergoeding betaal. Die Fondsebediening monitor die situasie en aanpassings sal na gelang van omstandighede gemaak word.

www.stellenberg.co.za

Kerkkantoor

021 976 4519

navrae@stellenberg.co.za

Die kerkkantoor is gesluit, maar e-posse word beantwoord.

Feesmarkkantoor

079 269 3663

feesmark@stellenberg.co.za

Stellenberg Ondersteuningsentrum

082 854 4530

sos@stellenberg.co.za

Fisiese adres

h.v. Moutain View-rylaan en Edelweissweg, Eversdal, 7550

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Anna Catharina Dall, gebore 13/09/1924 en oorlede op 02/06/2020. Sy was 'n inwoner van Edelweiss en sedert 1974 'n lidmaat van Stellenberg-gemeente. Haar roudiens word op Saterdag 20 Junie om 11:00 in die kerk gehou. Ons meegevoel aan haar familie wat sy agterlaat.

## NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

- Ontvang die bulletin weekliks asook die skakels na eredienste per e-pos deur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Sluit by die WhatsApp-groep aan om die bulletin en die skakel na die oggenddiens op jou selfoon te ontvang deur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720 te stuur.

## FEESMARK 2020

In die lig van die heersende beleid rakende openbare geleenthede, sal Stellenberg se feesmark, wat die afgelope 26 jaar deel van die gemeente was, ook nie vanjaar plaasvind nie. Daar is wel besin oor die moontlikheid van 'n aanlyn feesmark. Die feesmarkkomitee het wyd gekonsulteer met kundiges en na raadpleging is daar besluit om nie 'n aanlyn mark aan te bied nie. In die besigheidsmodel vir 'n aanlyn mark is daar vele faktore wat in ag geneem moet word en afgesien van die administratiewe, logistieke en operasionele prosesse, moet dit uiteindelik ook finansieel sin maak.

Uiteraard sal die verlies van die feesmark se inkomste 'n groot invloed op ons gemeentelike begroting hê. Daar is begroot vir 'n inkomste van R2,25 miljoen afkomstig uit die opbrengs van die feesmark, wat deel sou vorm van die totale gemeentelike begroting van R10 miljoen. Saam met die ander verwagte verliese aan inkomste, is die aangepaste verwagte inkomste ongeveer 66% van die aanvanklik begroting. Uitgawes is dienooreenkomstig aangepas met predikante en personeel se vergoeding wat met onderskeidelik 20 en 23% verminder is.

**AANLYN BYBELSKOOL EINDE JUNIE**

**Op reis saam met Paulus**

Die grootste deel van die Nuwe Testament bestaan uit briewe wat deur Paulus aan die vroeë gemeentes geskryf is. Dit is dikwels vir ons moeilik om elkeen van Paulus se briewe afsonderlik te beoordeel en die belangrike nuanses en verwikkelinge wat agter die skrifgedeelte lê, te volg. In die volgende aanlyn Bybelskool gaan ons juis dit doen. Ons gaan in Paulus se voetspore loop en ontdek hoe nuwe moontlikhede vir gelowiges onder leiding van God se Gees gerealiseer het. Die kursus sal teen die einde van Junie aanlyn op www.stellenberg.co.za beskikbaar wees.

Hou die webwerf en die bulletin dop vir die finale datums.